Echo Calitzdorp Nuusbrief Oktober 2018

Dit is vir my 'n groot vreugde dat Echo alreeds 6 maande op Calitzdorp betrokke is. In hierdie nuusbrief vertel ek meer oor ons aktiwiteite in die breë Calitzdorp gemeenskap die afgelope 3 maande.

In die eerste nuusbrief het ek vertel van ons aktiwiteite wat gevestig is sedert ons in Calitzdorp betrokke geraak het. Meeste van hierdie aktiwiteite word voortgesit op 'n weeklikse basis. Op Dinsdae en Sondae aande kom ons Echo-jeuggroepe bymekaar, op Woensdae aande ontmoet die VG Kerk se CYM (Christian Youth Movement) jeuggroep. Donderdae aande is ek by die Hoërskool Calitzdorp koshuis betrokke en Saterdae oggende bedien ons die jeug by Klaus Triebe se speelpark net buite die dorp. Ek vertel graag in hierdie nuusbrief van Echo se betrokkenheid buite ons gevestigde aktiwiteite soos hierbo genoem.

Enige terugvoer of kommentaar rakende die werk wat Echo op Calitzdorp verrig is altyd welkom.

Echo-groete

Michiel de Villiers
Jeugwerker
Echo Youth Development
michiel@echoyouth.co.za
072 302 4716

Nuusflitse

~Prins Albert uitreik – Vanaf 30 Junie 2018 tot 6 Julie 2018 het 5 lede van ons Echo-jeuggroepe saam met NG Kerk Stellenberg in Prins Albert uitgereik.

~NG Kerk Stellenberg en NG Kerk Onrusrivier uitreik na Calitzdorp – Vanaf 7 Julie Julie 2018 tot 13 Julie het 'n groep gemeentelede van die twee NG Kerke in Calitzdorp uitgereik. Drie oggende was daar 'n volledige kinderprogram by Laerskool Excelsior gehou wat meer as 500 kinders uit die gemeenskap bygewoon het. Huisbesoek en 'n jeugaandprogram was ook deel van die week se uitreik.

~ Echo Calitzdorp stalletjie by die Winterfees 17 Junie 2018 – Saam met die Dorpshuis Restaurant het Echo Calitzdorp se jeuggroep worsrolletjies verkoop by die afsluiting van die Winterfees op 17 Junie 2018.



~Huisbesoek – Op Saterdae middae doen Echo Calitzdorp huisbesoek by die leerders van Hoërskool Calitzdorp se koshuis. Die doel is om kontak met die ouers van die leerders op te bou en om die huislike omstandighede van die leerders beter te verstaan.

593 24th Avenue, Villieria, 0134
Tel (012) 331 2341 I Fax 086 619 0721
info@echoyouth.co.za I www.echoyouth.co.za
Section 21 2001/02573308 I Sec 18A - 930 033 233

~NG Kerk Stellenberg Bliss Bybelstudiegroep - 'n paar lede van NG Kerk Stellenberg se Bliss Bybelstudiegroep het vir Echo Calitzdorp kom besoek ter voorbereiding van die Calitzdorp uitreik in die Julie skool vakansie

~Hoërskool Calitzdorp Matriekafskeid – Ek was bevooreg om uitgenooi te word na Hoërskool Calitzdorp se Matriekafskeid op 17 Julie 2018. Van die matriekleerders is deel van Echo Calitzdorp se jeuggroepe



~Talentaand – Lede van Echo Calitzdorp het op 10 Augustus 2018 aan die Hoërskool Calitzdorp se talentaand deelgeneem. Met sang, dans en hip-hop het Echo Calitzdorp nie 'n tekort aan talent nie.

~Donasies – Echo Calitzdorp is baie dankbaar vir skenkings en donasies wat ons vanaf gemeentelede van NG Kerk Stellenberg en NG Kerk Onrusrivier ontvang het. Deur die loop van die afgelope 3 maande is hierdie donasies aan mense in nood in Calitzdorp uitgedeel.

ECHO Youth Development I 593 24th Avenue, Villieria, 0134
P.O.Box 32613, Totiusdal, 0186 I Tel (012) 331 2341 I Fax 086 619 0721
info@echoyouth.co.za I www.echoyouth.co.za
Section 21 2001/025733O8 I Sec 18A - 930 033 233

~Laerskool Excelsior Sportdag – Op Saterdag 1 September 2018 het Echo Calitzdorp die lede van ons jeuggroep by Laerskool Excelsior se sportdag ondersteun

~VG Kerk Koor – Die koor van die VG Kerk oefen saam op Dinsdae en Donderdae aande. Saam met Ds November as koorleier, ondersteun ek hulle met klavierbegeleiding wanneer nodig.

~Kidstop Kampnaweek – gedurende die naweek van 15 tot 16 September 2018 het Echo Calitzdorp ondersteuning aan Hope Options Centre gebied toe hulle in Groenfontein 'n kamp aangebied het vir die kinders wat deel is van die Kidstop program op die dorp.

~Martonique Baartman – Martonique is genooi om vir 3 maande 'n internskap by Jabulani Africa Ministries (JAM) in Llandudno te doen. Echo Calitzdorp is dankbaar vir ons verhouding met JAM en dat hulle hierdie geleentheid vir Martonique kon bied. Op 28 September 2018 het ons 'n afskeid vir haar gehou en ook die lede van JAM by die Echo huis ontvang.

~Vakansie pretdag – saam met ander jeugleiers in die gemeenskap het Echo Calitzdorp 'n pretdag op Woensdag 3 Oktober 2018 gedurende die skoolvakansie gehou. Karoo King van Ladysmith was ons gas vir die dag en 200 kinders het dit bygewoon by Klaus Triebe se speelpark.

ECHO Youth Development I 593 24th Avenue, Villieria, 0134
P.O.Box 32613, Totiusdal, 0186 I Tel (012) 331 2341 I Fax 086 619 0721
info@echoyouth.co.za I www.echoyouth.co.za
Section 21 2001/02573308 I Sec 18A - 930 033 233

Om na uit te sien

~**Echo Jeugdienste (gasspreker Ds Jaco Strydom)** – 29 Oktober 2018 tot 30 Oktober 2018

~**VG Kerk Kersspel –** 09 Desember 2018 (oggend)

~**NG Kerk Kerssangdiens –** 09 Desember 2018 (aand)

~**VG Kerk Kerssangdiens –** 16 Desember 2018

ECHO Youth Development I 593 24th Avenue, Villieria, 0134
P.O.Box 32613, Totiusdal, 0186 I Tel (012) 331 2341 I Fax 086 619 0721
info@echoyouth.co.za I www.echoyouth.co.za
Section 21 2001/02573308 I Sec 18A - 930 033 233